GKSA NUUSBROKKIES

Sondag 20 Februarie 2022

LIEF EN LEED

Beterskapwense

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante / professore en eggenotes met hul verjaardae

17 Februarie	Dr HM Zwemstra (Heinrich) – GK Walvisbaa
19 Februarie	Mev M Dreyer (Greta), eggenote van ds FM Dreyer (Frederik) – GK Noordrand
	Mev S Venter (Sanmarie), eggenote van ds LJE Venter (Lourens) – GK Centurion
21 Februarie	Ds JG Tredoux (Jacques) – GK Pretoria-Brooklyn
	Mev L Potgieter (Liezl), eggenote van ds ID de V Potgieter (Danie) – GK Rietvallei
22 Februarie	Mev MME Nel (Manda), eggenote van ds PJ Nel (Johan) – GK Akasia
23 Februarie	Ds JE Franck (Blok) – GK Newcastle
	Mev L Lemmer (Liza), eggenote van ds CJ Lemmer (Jaco) – GK Buffeldoorns

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaardae

17 Februarie	Ds Emilé Naudé – GK Boksburg
18 Februarie	Ds J Marais (Kobus) – GK Nigel
19 Februarie	Ds F Postma (Ferdi) – GK Wierdapark
20 Februarie	Mev BC Aucamp (Ina), eggenote van ds C Aucamp (Cassie) – GK Andeon
21 Februarie	Ds FJ du T Lessing (Francois) – GK Nelspruit
	Mev LL van der Walt (Lourika), eggenote van ds PJ van der Walt (Peet) – GK Ladybrand

22 Februarie Mev E Breed (Elize), eggenote van dr DG Breed (Douw) – GK Waterkloofrand

23 Februarie Ds J Botha (Johan) – GK Laeveld
Mev E Hendricks (Etresia), weduwee van ds MP Hendricks (Tenie) – GK Paarl
Prof GJC Jordaan (Jorrie) – TSP

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

Hartlike gelukwense aan teologiese student Barend en Carike van der Westhuizen wat op 15 Januarie 2022 in die huwelik bevestig is.

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Proponent beroepbaar gestel 2022

Klassis Vaalrivier met advies van die Deputate van die Streeksinode Randvaal het op 15 Februarie 2022 vir br Jacques Kuhn kragtens KO, art 4 geëksamineer en in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beroepbaar gestel.

Proponent Jacques Kuhn se kontakbesonderhede is die volgende:
Sel: 074 289 3261 **E-pos: jacques_kuhn@yahoo.com**

Proponent beroepbaar gestel (2020)

Proponent MD Letebele (David en Emily)
Sel: 079 064 4754 of 073 558 5533
E-pos: serameletebele@gmail.com

Proponent beroepbaar gestel 2021

Proponent AP [Peet] en Lammarié van der Westhuizen
Sel: 078 580 4945
E-pos: peetvdwest@gmail.com

Beroepbaarstelling van ds HM (Herman) Stavast GK Piet Retief

Ds HM Stavast (Herman en Wilna)
Sel: 082 410 5006
E-pos: hmstavast@gmail.com

Proponent beroepbaar gestel 2022

Proponent Mduduzi en Thandeka Mahlangu
Sel: 060 352 7729
E-pos: comfort91@gmail.com



Veranderinge in kontakbesonderhede

GK Nylstroom

Admin. Beampte: Sr Hester Venter
E-posadres: nyldoppers@gmail.com
Sel: 063 298 8795
Kantoorure: Maandae: 08:00-12:00 Woensdae: 12:30-16:00
Vrydae: 08:00-12:00

*Geen posbus of landlyn meer nie
*Skoolvakansies – kantoor gesluit

GK Queenstown

Skriba & Attes-skriba: Japie Coetzee, Sel: 071 526 2724
Kassier: Sr Diane Coetzee, Sel: 082 417 2546
Posbus is gesluit.

INBETALING VAN DONASIES
DIE KERKBLAD

Bank	Absa
Takkode	632 005
Rekeningnaam	Administratiewe Buro GKSA
Rekeningnommer	670 140 040
Verwysing	**Donasie Kerkblad**

KERKLIKE TYDSKRIFTE

Vir aktuele Christelike artikels – teken in op *Die Kerkblad*

Om in te teken: Kontak Angie Mokobi by 018 297 3986 of tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2021 – 30 Junie 2022):

- ***Die Kerkblad*** (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – **R323**
- ***Die Kerkblad*** (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – **R465**
- ***Die Kerkblad*** (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – **R437**
- ***Die Kerkblad*** (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – **R135**

PASTORALE BEGELEIDING TE MIDDE VAN COVID

ZOOM SEMINAAR - 24 FEBRUARIE

Prof Wentzel Coetzer

Die inhoud van hierdie kursus is gerig op almal wat op een of ander wyse betrokke is by die pastorale begeleiding van diegene wat geraak is deur die gevolge van die COVID pandemie. As gevolg van die pandemie is leraars, beraders en terapeute gekonfronteer met uitdagende eise in terme van verliese en rouprosesse, en veral ook die probleem rakende gekompliseerde rou. Laasvermelde aspek hou veral verband met die feit dat in talle gevalle daar nie behoorlik afskeid geneem kon word nie en daar gevolglik ook onvoldoende rituele was ten einde die helingsproses te bevorder. In hierdie kursus word daar op al hierdie aspekte gefokus en word 'n verskeidenheid van praktiese en pastorale riglyne gebied ten einde rouprosesse te fasiliteer, onverwerkte trauma deur te werk en ook gekompliseerde rou te hanteer.

Datum: Donderdag 24 Februarie
Tyd: 09.00 – 13.00
Akkreditering: 5x VBO punte - 4x CPSC punte – ook AFM PCD akkreditasie
Koste: R300pp (egpare: R500)
Handleiding te koop (ook in Engels beskikbaar): R150 (plus koerier koste)
Om te bespreek: klik op volgende skakel: https://forms.gle/CErdiaX2KHibGQ2D6
Navrae: 0836600409 - e-pos: wentzelc@gmail.com

Hoe gaan dit met Gereformeerde sending in Suider-Afrika?

En wat is die pad vorentoe?

Lees die GKSA Deputate Evangeliseringspublikasies se boek daaroor:

Reformed mission in Southern Africa

The way forward

24 kenners op die gebied van sending/evangelisasie skryf daaroor in 26 bydraes: proff Flip Buys, Naas Ferreira, Henk Stoker en Koos van Rooy; predikante Johannes Aucamp, Liphadze Tshilo Azwifaneli, Pieter Boon, Wilbert Chipenyu, Antonio Coppola, Brian de Vries, Hendrik du Plessis, Simon Jooste, Isaac Maleke, Paul Mushayabasa, Sipho Phungula en Victor Pillay. Ook Willie Zeze, Sophia van Helden, Guy Stubbs en Eben le Roux, Hessel Visser en Peter Hammond.



Sagteband, 312 bladsye. R200 (versendingkoste uitgesluit.) Kan bestel word by die Administratiewe Buro, bestellings@gksa.co.za

SDDS van die GKSA
Sinodale Deputate vir Diakonale Sake

10 FEBRUARIE 2022

GEAGTE VOORSITTER EN DIAKONIE,

IN SAKE: BYDRAES VIR DIE PRESIDENT KRUGER KINDERHUISE IN PRETORIA EN REDDERSBURG

Die SDDS is in beheer van alle diakonale Kinderhuise en alle diakonale fondse wat nasionaal beheer word. Die SDDS tree ook kontrolerend op en verleen steun en advies aan alle diakonieë in die GKSA. Alle bemarking vir fondsinsamelingsprojekte word deur die SDDS nasionaal gedoen en beheer. Die SDDS beheer `n diakonalefonds om diakonale steun uit die fonds te verleen aan die Kinderhuise, noodtoestande, diakonieë en ander diakonale behoeftes (Acta 2012:102, 1).

Ons dank die Here vir die gesindheid van elke gemeente, diakonie en lidmaat wat uit liefde bydra tot die instandhouding van ons twee kinderhuise in Pretoria en Reddersburg. Op die huidige oomblik word daar 56 kinders in Pretoria en 64 kinders in Reddersburg versorg. Ons is baie dankbaar teenoor die Here dat ons tot op hede nog hierdie verpligting kon nakom.

Die twee kinderhuise het sedert Mei 2021 op `n nuwe wyse begin funksioneer ten opsigte van fondsinsameling. Alle fondse (kerklik en nie-kerklik) was in die verlede in `n gesamentlike rekening inbetaal waarna dit deur die Admin-Buro op `n 50/50 basis verdeel is. Sedert Mei 2021 word slegs die fondse wat vanuit die GKSA af ontvang word op `n 50/50 basis verdeel en elke kinderhuis behartig sy eie bemarking vir fondse van buite die kerkverband.

Op advies van ons ouditeure, en om die administrasie hieromtrent te vergemaklik, het SDDS besluit dat alle fondse wat vanuit die kerkverband ontvang word voortaan in SDDS se rekening inbetaal moet word waarna die Admin Buro die nodige verdeling na elke kinderhuis sal maak. Waar dit nie gespesifiseer word nie sal hierdie fondse steeds 50/50 tussen die kinderhuise verdeel word. Sou `n gemeente dit egter vir `n spesifieke kinderhuis wil skenk sal ons toesien dat die fondse na daardie betrokke kinderhuis verdeel word.

Ons versoek u dus om enige bydraes aan die kinderhuise in die volgende rekening in te betaal:

BANK	ABSA
REKENINGNAAM	SDDS
REKENINGNOMMER	3330141750
TAKKODE	632005
VERWYSING	Kinderhuise (PTA/RED)

Sinodale Deputate vir Diakonale Sake
Ingelyfde maatskappy kragtens Art 21 van die Maatsakppy wet (NPO Verw: 036-927)
Posbus 20004, Noordbrug, 2522
Sel: 071 467 6571 epos: sdds@gksa.co.za

SDDS van die GKSA
Sinodale Deputate vir Diakonale Sake

Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband. Sonder die ondersteuning vanuit die GKSA sou dit nie moontlik gewees het om 120 kinders fisies en geestelik te versorg nie.

As daar enige navrae is, is u welkom om SDDS se skakeldeputaat, Anri Kotzee, te skakel by 0714676571 of vir haar `n epos te stuur by sdds@gksa.co.za.

Groete in Christus,

Ds. F.J. Potgieter

Voorsitter - SDDS

Sinodale Deputate vir Diakonale Sake
Ingelyfde maatskappy kragtens Art 21 van die Maatsakppy wet (NPO Verw: 036-927)
Posbus 20004, Noordbrug, 2522
Sel: 071 467 6571 epos: sdds@gksa.co.za

Saamtrek
2022
5 MAART
09:00-14:00
DRAG: KLEURVOL
Hoop
SPREKERS
BY BEIDE LOKALE
GUSTAV GOUS
AMORE BEKKER
Kom kuier saam by
een van TWEE lokale:
Gereformeerde Kerk
CENTURION OF WAPADRANT
Navrae by:
071 465 3940 (Centurion)
012 991 1395 (Wapadrant)
R120
Bespreek jou kaartjie hier
https://myathletics.co.za/saamtrek/

DIE GEREFORMEERDE LAERSKOOL BELLVILLE BIED AAN:
MANNESANG
2022
Ons nooi alle mans, jonk en oud,
om te deel in hierdie feestelikheid!
Kom sing saam psalms en liedere
onder begeleiding van Niek Geerts.
TEMA: JOU ROL AS MAN IN DIE HUISGESIN VAN GOD
VGK BELLVILLE | 5 MAART 2022 | 19H00 - 21H00
Ons poog om die Mannezang Katwijk
na te boots in getal en klank:
https://youtu.be/fwDe_zGCR8c
Bespreek kaartjies teen R30/persoon
by Magda: 084 450 6166
of Carina: 082 603 4451
Na afloop van die program sal daar verversings wees.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Ek wil vir die Here sing
solank ek leef,
ek wil my God besing
solank ek bestaan.
Psalm 104:33